HS VREDENBURG

# BYLAE A: FOONVRYE SKOOL – BELEID RAKENDE DIE GEBRUIK VAN SELFOONE, ELEKTRONIESE TOESTELLE EN SOSIALE MEDIA

## 1. INLEIDING

Hoërskool Vredenburg besef dat dit moet aanpas by veranderende kommunikasie praktyke. Die gebruik van selfone en ander elektroniese toestelle, en die toenemende gesofistikeerdheid van hierdie toestelle, vereis dat die gebruik daarvan binne en deur die skool geformuleer, beheer en gemonitor word. Die doel van hierdie beleid is om 'n veilige, nie-ontwrigtende opvoedkundige omgewing te bevorder waarin effektiewe onderrig en leer kan plaasvind, om orde en dissipline te handhaaf, om leerders te beskerm teen negatiewe optrede wat hulself, mede-leerders of die algemene waardestelsel wat deur die skool aanvaar word kan benadeel, en om hierdie doelwitte wettiglik te bereik.

## 2. DEFINISIES

2.1. Selfone en persoonlike elektroniese toestelle sluit in:

- 2.1.1. Selfone (toestelle wat met die internet kan koppel sowel as toestelle wat net teksboodskappe kan stuur/ontvang en oproepe maak)
- 2.1.2. Persoonlike elektroniese toestelle soos tablette en videospeletjies
- 2.1.3. AirPods, oorfone, Bluetooth-gekoppelde oorfone
- 2.1.4. Slimhorlosies, fiksheidmonitors en ander bykomstighede wat met die internet kan koppel

## 3. REGSGRONDSLAG

Die skool baseer sy beleid op die volgende:

3.1. Gegewe die behoefte aan skoolveiligheid en die beskerming en welstand van individuele leerders, sal die skool se bevoegdheid om leerders te deursoek op so 'n manier uitgeoefen word dat dit nie die leerder se reg op privaatheid skend nie. Ingevolge artikel 8A van die Skolewet is skool-amptenare gemagtig om 'n leerder se eiendom sonder die teenwoordigheid of toestemming van die ouer te deursoek wanneer daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n skoolreël, -beleid of wet oortree is.

3.2. Alle skoolverwante eiendom is te alle tye onderhewig aan inspeksie. Dit sluit in, maar is nie beperk tot rekenaars, selfone en verwante of soortgelyke toestelle, asook items wat tydens opvoedkundige programme of aktiwiteite gebruik word. Hierdie beleid geld ook vir toestelle in privaatgebruik wat op die skoolterrein of tydens enige skoolverwante funksie of aktiwiteit gebruik word.

3.3. Voor ‘n privaat toestel ondersoek mag word, moet die skoolhoof of sy gedelegeerde ’n redelike vermoede hê dat die leerder ‘n reël, wet of beleid oortree het.
3.4. “Redelike vermoede” kan ontstaan deur ooggetuie-waarnemings, inligting vanaf ’n betroubare bron, vanaf sosiale media of deur verdagte gedrag.

**4. FOONVRYE SKOOL**

4.1. Die skoolgronde binne die grense van die skool word as foon-vrye areas verklaar gedurende skoolure. (van die eerste klok tot die laaste)
4.2. Geen leerder sal toegelaat word om 'n selfoon of ander persoonlike elektroniese toestel sigbaar te hanteer of te gebruik, vir watter rede ook al, gedurende skoolure vanaf 07:45 tot 14:10 nie. (of enige ander einde van die skooldag soos van tyd tot tyd bepaal.)
4.3. Geen leerder sal toegelaat word om 'n selfoon of ander persoonlike elektroniese toestel sigbaar te hanteer of te gebruik, vir watter rede ook al, gedurende pouse of tussen periodes nie.
4.4. Leerders mag selfone en ander elektroniese toestelle gebruik voor 07:45 en na 14:10 of die einde van die skooldag, soos van tyd tot tyd bepaal.

**5. AANVAARBARE GEBRUIK VAN SELFONE EN ELEKTRONIESE TOESTELLE**

Die volgende lys, wat nie eksklusief is nie, verskaf voorbeelde van praktyke wat as aanvaarbaar geag word ingevolge hierdie beleid:

5.1. Die gemagtigde en gemoniteerde gebruik van draagbare toestelle soos selfone en alle ander elektroniese toestelle om onderrig te bevorder slegs met vooraf goedkeuring van die skoolhoof en in opdrag van die klasonderwyser.
5.2. Ouer-/voogkontak met kinders **voor en na** skoolure.
5.3. Om familielede en vriende op te spoor, reëlings vir vervoer, ens. **voor en na** skoolure.
5.4. Kommunikasie tydens 'n noodgeval, bv. om owerhede of 'n mediese verskaffer te bereik indien die skool nie daartoe in staat is nie.
5.5. Gebruik van selfone en persoonlike elektroniese toestelle tydens buitemuurse aktiwiteite.
5.6. Enige ander gebruik soos goedgekeur deur die skoolhoof.

**6. ONTOELAATBARE GEBRUIK**

Die volgende lys, wat nie eksklusief is nie, verskaf voorbeelde van praktyke wat as ontoelaatbaar geag word en wat verdere dissiplinêre optrede kan meebring:

6.1. Die sigbare besit of gebruik van 'n selfoon of enige persoonlike elektroniese toestel op enige deel van die skoolgronde gedurende amptelike skoolure vanaf 07:45 tot 14:10 of die einde van die skooldag soos bepaal.

6.2. Ontwrigting gedurende akademiese tyd, bv. deur oproepe, SMS'e of die gebruik van sosiale media tydens klas.
6.3. Diefstal, leen, gebruik, breek, beskadig, versteek, verwyder of toegang verkry tot die geheue of berging van ‘n toestel wat aan iemand anders behoort.
6.4. Die stuur van valse bomdreigemente of ander bedreigings om klas te ontwrig of eksamens te onderbreek.
6.5. Die gebruik van selfone om eksamenreëls te omseil.
6.6. Waarskuwings vir die teenwoordigheid van die hoof, onderwyser of dissiplinêre beampte.
6.7. Die gebruik van selfone vir verspreiding/gebruik van dwelms of verbode goedere, dreigemente, kuber-afknouery, ongewenste boodskappe of die reël van anti-sosiale aktiwiteite.
6.8. Die neem/verspreiding van onvanpaste beeldmateriaal (bv. seksueel/gewelddadig van aard), of om bakleiery op video vas te vang.
6.9. Provokasie van ‘n onderwyser gevolg deur die opname van sy/haar reaksie en/of verspreiding daarvan.
6.10. Musiek speel deur luidsprekers. Musiek mag slegs met oorfone tydens busritte vir eie genot gebruik word buite skoolure.
6.11. Die verskaffing of publikasie van materiaal wat as bedreigend, onwettig of lasterlik geag word deur Hoërskool Vredenburg.
6.12. Die publikasie of verspreiding van inhoud wat die privaatheid of regte van ander skend, insluitend aanvalle op persone of groepe.
6.13. Leerders wat inhoud op sosiale media laai, moet seker maak dit reflekteer nie negatief op die skool nie.
6.14. Die neem van foto's/video's van onderwysers of leerders sonder hul toestemming.

## 7. SELFOONE EN ELEKTRONIESE TOESTELLE BY DIE SKOOL

Leerders mag selfone skool toe bring mits:

7.1. Die toestelle nie sigbaar in besit van die leerder is of op enige wyse gebruik word gedurende amptelike skoolure nie.
7.2. Die toestelle afgeskakel of op ‘silent’ is.
7.3. Leerders is persoonlik en uitsluitlik verantwoordelik vir die veiligheid van hul selfone en elektroniese toestelle. Die skool, personeel of onderwysdepartement aanvaar geen verantwoordelikheid vir diefstal, verlies of skade aan 'n toestel of ongemagtigde gebruik daarvan nie.
7.4. Die gebruik van 'n toestel vir die neem of verspreiding van ongemagtigde foto's of onwettige, ongewenste of pornografiese inhoud is streng verbode op die skoolgronde, gedurende skoolure (07:45 – 14:10), tydens skoolaktiwiteite of op skoolvervoer.
7.5. Die gebruik van toestelle voor en na die skooldag sal nie deur die skool beheer word nie, mits geen skoolreëls oortree word nie.

## 8. EIENDOM EN PRIVAATHEID

8.1. Alle leerders is verantwoordelik vir die bewaring van hul eie selfone en toestelle. Die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir diefstal of verlies op die skoolgronde, tydens skoolure of by buitemuurse aktiwiteite nie. Leerders word aangemoedig om eerder nie toestelle skool toe te bring nie.

8.2. Ten einde die welsyn en veiligheid van almal te bevorder en die integriteit van die skoolstelsel te handhaaf, behou die skool die reg voor om die gebruik en inhoud van enige toestel (insluitend lukrake monitering) wat op die skoolterrein of funksie gebruik word, te ondersoek.

8.3. Toegang tot die internet, e-posdienste en skoolbetwerk word intern gefilter en bestuur. Kommunikasie binne hierdie stelsel kan nie as privaat beskou word nie. Dieselfde geld vir boodskappe, data of beelde op enige toestel op of naby die skool.

8.4. As voorwaarde vir gebruik, behou die skool die reg voor om toegang te hê tot die e-posrekening of toestel van enige gebruiker waar daar redelike vermoede of ooggetuie-inligting is dat n beleid oortree is.

## 9. VERSUIM OM AAN HIERDIE BELEID TE VOLDOEN

Indien enige deel van hierdie beleid deur 'n leerder oortree word, kan die volgende stappe gevolg word:

9.1. Enige personeellid wat 'n leerder vir die eerste keer waarneem dat die leerder sigbaar n selfoon of elektroniese toestel in sy/haar besit het of gebruik, sal 'n waarskuwing uitreik en dit op die SASPAC-stelsel dokumenteer.

9.2. By 'n tweede oortreding sal die toestel gekonfiskeer word en na die Dissiplinehoof se kantoor geneem word. Die ouer/voog sal 'n afspraak moet maak om dit op te haal en 'n afskrif van die beleid sal aan hulle oorhandig word.

9.3. By 'n derde oortreding sal dieselfde proses as in 9.2 gevolg word, maar die toestel sal eers aan die einde van die kwartaal aan die ouer/voog oorhandig word na 'n vergadering met die skool.

9.4. By voortgesette oortreding behou die skool die reg voor om verdere dissiplinêre stappe ingevolge die gedragskode te neem.

9.5. Weiering van ouers/voogde om die beleid te ondersteun sal as 'n oortreding van die skool se gedragskode beskou word en aan die WKOD gerapporteer word.

## 10. GEBRUIK VAN FOTO’S/VIDEO’S EN ANDER MATERIAAL DEUR DIE SKOOL

10.1. Die skool neem soms foto's, video's of ander beeldmateriaal vir gebruik op die skool se webwerf, Facebook-blad of ander sosiale media. Dit is vir bemarking en om leerderprestasies te vier.

10.2. Die skool onderneem om slegs positiewe en opbouende beeldmateriaal van die skool en leerders te gebruik.

10.3. Deur inskrywing as leerder en aanvaarding van die gedragskode gee ouers/voogde stilswyend toestemming vir die publikasie van beeldmateriaal soos omskryf in 10.1.

10.4. Indien 'n ouer/voog hierdie toestemming wil terugtrek, moet die skool skriftelik in kennis gestel word. Die datum van ontvangs van die kennisgewing sal geld as die effektiewe datum van onttrekking.